

MAART 2013

	<b>Telefoon</b>	<b>Faks</b>
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

# Bulletin

*Amptelike nuusbrieff van die Munisipaliteit Overstrand*

## ELUXOLWENI-BEHUISINGSPROJEK SKOP FEESTELIK AF PLAKKERSKAMPE OPGEGRADDEER OM IN NOOD TE VOORSIEN

Die sooispitseremonie vir die opgradering van die informele nedersetting van Eluxolweni naby Pearly Beach het onder groot en geesdriftige belangstelling van die gemeenskap op Woensdag 13 Februarie plaasgevind.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie is só deur die gesingery meegevoer dat sy self 'n paar dansstappies saam met die vroue uitgevoer het! Vir die Wes-Kaapse Minister van Menslike Nedersettings, mnr Bonginkozi Madikizela, het daar by sy aankoms 'n verwelkoming deur 'n pryssanger gewag.

Die projek is deel van die nuwe benadering wat deur die Munisipaliteit Overstrand gevolg word om in terme van sy Agt-jaarbehuisingsplan die bestaande waglys af te werk en veral op die voorsiening van gedienste erwe te fokus. Die koste van dié program word op R894 miljoen geskat.

Die samewerking van die Eluxolweni-gemeenskap was verstommend en meer as honderd strukture wat op die konstruksieterrein gestaan het, is binne tien dae verskuif.

By voltooiing sal daar 211 gedienste erwe beskikbaar wees. Nie al die begunstigdes gaan vir topstrukture kwalifiseer nie, maar die bewoners van die gebied sal wel die voordele van eiendomsreg, verbeterde omstandighede ter bevordering van gesondheid en veiligheid en



*Tydens die sooispitseremonie is Minister Bonginkozi Madikizela bygestaan deur Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie onder groot belangstelling van raadslede en ander rolspelers.*

verbandhoudende bemagtigingsgeleenthede kan geniet, het die Burgemeester gesê.

Sy het bygevoeg dat die moontlike begunstigdes reeds geïdentifiseer is en dat die kriteria vir deelname bepaal is. Met dié projek gaan mense wat in die verlede uitgeskakel is omdat hul inkomste die maksimumperke oorskry het, minderjarige die hoof van die huishouding is of omdat hulle voorheen reeds huise besit het, ook gehelp kan word.

Volgens me Botha-Guthrie het die Munisipaliteit hom ernstig daartoe verbind tot die ideaal om 'n dak oor die die kop van die huishoudings in die armer deel van die gemeenskap te voorsien en het dit reeds belangrike stappe

gedoen om die lewering en administrasie van behuising te verbeter.

Die amptelike behuisingsbehoefte het einde Desember 2012 volgens Overstrand se Behuisingsdatabasis op altesame 6 321 gesinne gestaan en was daar 3409 plakkerstrukture in die gebied. Vir behuisingsprojekte in 2013/14 is daar R35 miljoen ontvang en die Munisipaliteit beoog om dit te gebruik om 460 gedienste erwe en 333 huise te ontwikkel regoor die munisipale gebied.

Mnr Madikizela het gewys op die geweldige agterstand wat daar nasionaal en in die Wes-Kaap bestaan, maar dat die hulpbronne baie minder is as die behoefte. Wat daarmee

gepaard gaan is 'n nog groter agterstand in infrastruktuur. Daar moet kreatief te werk gegaan word om die maksimum lewering te verseker en dit kan net gedoen word as almal hul samewerking gee.

Politiek moet uit ontwikkeling gehou word, want te veel projekte kom nie van die grond af nie weens binnegevegte tussen verskillende faksies.

Me Buseka Jonas het namens die gemeenskap gesê hulle is kristalhelder oor die uitdagings wat voorlê, maar dat die owerhede verseker kan wees dat dit die beste behuisingsprojek ooit sal wees. Sy hoop dat dit vir hulle werksgeleenthede gaan meebring en dat hulle bereid is om hande met almal te vat om dit 'n groot sukses te maak.



*Burgemeester dans saam!*



*Daarna geniet almal verversings*



*Konstruksieterrein in rekordtyd skoongemaak*

# SKAKEL AAN VIR AARDUUR 2013

Die jaarlikse viering van Aarduur regoor die wêreld - wat vanjaar op 23 Maart van 20:30 tot 21:30 plaaslike tyd plaasvind - word gehou om mense oral daaraan te herinner dat menslike bedrywighede, veral energieverbruik, 'n ernstige impak op ons planeet het en 'n merk-bare bydrae tot klimaatsverandering lewer.

Overstrand gaan weer eens sy deel tot die globale bewusmaking-sporing bydra. Aarduur sal met die samewerking van Whale Coast Conservation en die Overstrand Junior Raad as 'n pretgeleentheid op Hermanus se Markplein voor die Walvismuseum gevier word.

In teenstelling met vorige jare waar ons almal gevra het om ligte af te skakel as teken van ons voorneme om ons impak op die omgewing te verminder, gaan ons vanjaar ligte aanskakel. Jy het reg gelees! Ons gaan mense in Overstrand aanmoedig om na LED (liggewende diodes) oor te skakel. Dié ligte gebruik so min energie dat ons nie meer hoef skuldig te voel om ons lewens met lig te verhelder nie.

Om te illustreer wat ons bedoel, gaan ons 'n walvis belig - weliswaar nie daardie in die see nie, want hulle het lank reeds suidwaarts vertrek, maar die model voor die museum sal net so goed werk. En op die koop toe gaan ons die twee museumgeboue op Markplein ook met liggies omlin.

Ons doen 'n beroep op al die beshgedes wat nog nie na beligting met liggewende diodes oorgeskakel het nie, om hul ligte af te skakel - nie net om betrokkeheid by die omgewing te betoon nie, maar ook om ons aanskakeling aanskuiklik te maak.



Sang en dansende meisies gaan nog 'n verdere toevoeging tot die program wees. Ja, ons weet daar is groot rugby op Nuweland en daarom gaan ons wag tot die storm tussen die Stormers en die Brumbies verby is voordat ons met dié items gaan begin. Gaan dit nie 'n lekker manier wees om 'n oorwinning vir die Stormers en die Planeet te vier nie?

En op hierdie plesierige manier hoop ons almal sal onthou dat "elke uur 'n Aarduur" is.

## NAASWENNER VAN KAMOSA



Die Munisipaliteit Overstrand het erkenning gekry vir uitnemendheid met die implementering van die Uitgebreide Openbare Werke-program (EPWP) gedurende die 2011/12 finansiële jaar. Die doel van hierdie program is om bykomende werkseleenthede tesame met opleiding oor die kort- tot mediumtermyn aan werkloos te bied. Om deelname aan die program te bevorder, is die Kamosa-toekennings in 2007 ingestel waardeur openbare en nie-regeringsorganisasies beloon word vir hul bydraes om van die program 'n sukses te maak. Die Munisipaliteit het sy gemeeniseerde waterpypvervangingsprojek vir die beste infrastruktuuronderhoudprojek ingeskryf en dit is as die naaswenner in sy afdeling vir 2011/2012 aangewys. By die oorhandiging van die sertifikaat tydens 'n raadsvergadering was van links Munisipale Bestuurder, mnr Coenie Groenewald, die Direkteur van Ekonomiese Ontwikkeling, mnr Solomzi Madikane, Waarnemende Burgemeester, rhr Pieter Scholtz, en die Hoofdirekteur van die Uitgebreide Openbare Werke-program, mnr Richard Petersen.

## WERK SAAM VIR BETER RIOOLVERWYDERINGSDIENS

Groot dele van Overstrand is nog nie aan 'n rioolpyleidings gekoppel nie. Baie inwoners maak dus van ons tenkerdiens gebruik om riool van hul persele te verwyder. Veral in vakansietye verkeer die diens onder groot druk omdat mense gewoonlik te lank wag om die diens aan te vra en dan ongerief en/of verleentheid moet verduur voordat die tenkwa opdaag.

Die volgende lysie wenke kan help om dinge makliker te maak en beter te beplan:

- Kliënte moet probeer om 'n tenkdiens minstens 'n dag voor die tyd aan te vra om die toesighouers in staat te stel om die dienste effektief te skeduleer sodat dit tyd en brandstof bespaar.
- Weens die aard van die diens is dit nie moontlik om 'n diens op 'n spesifieke tydstop te lewer nie. Agterstande kan maklik ontstaan, veral tydens besige tye soos skoolvakansies en langnaweke.
- Riooltenkers reeds vroegoggend, en werk tot laat saans om elke dag se versoeke te hanteer, maar onder normale omstandighede sal 'n tenker nie voor 05:00 of na 24:00 na persele gestuur word nie.
- Riooltenkers moet te alle tye toegang hê tot die riooluitsuigpunt wanneer die diens aangevra word. Eienaars word versoek om te verseker dat die riooluitsuigpunt op die erfgrans aangebring is.
- As 'n riooltenk nie leeggepomp kan word nie omdat kliënte hulle terugstuur of omdat die perseel nie toeganklik is nie, sal 'n uitroepfooi gehef word om kostes te verhaal. Bespreek dus enige moontlike probleme wanneer die diens aangevra word.
- Eienaars word versoek om hul riooltarief na te gaan en waar moontlik oor te skakel na 'n watergebruik gebaseerde tarief, wat dit moontlik maak om op 'n gereelde basis, vooraf 'n vragmotor aan te vra sonder addisionele koste.

## KONSEPJAARVERSLAG OP 23 MAART BESPREEK

Die Munisipaliteit Overstrand se konsepjaarverslag vir 2011/12, wat by 'n spesiale raadsvergadering op Dinsdag 23 Januarie ter tafel gelê was, sal op die raadsvergadering van 27 Maart bespreek word, tesame met al die kommentare en vertoe wat tydens die periode vir openbare deelname ontvang is. Lede van die publiek is welkom om die vergadering by te woon.

Een van die hoogtepunte van die verslag is die feit dat die Munisipaliteit vir die sesde agtereenvolgende jaar 'n ongekwalifiseerde jaarverslag ontvang het.

'n Jaarverslag bied egter ook die geleentheid vir 'n deeglike introspeksie om te bepaal of die Munisipaliteit nog op die regte koers is. Volgens rhr Pieter Scholtz, waarnemende burgemeester ten tyde van die tertafellegging, is enige organisasie se jaarverslag uiters waardevol en help dit die organisasie om sy weg deur struikelblokke en slaggate te vind, om standarde vir die meting van prestasie te stel en doelwitte ter verbetering te stel.

Hy het 'n beroep op alle belanghouers, veral die belastingbetalersverenigings en gemeenskapsorganisasies gedoen om die dokumente na te gaan, kommentaar te lewer en voorstelle ter verbetering aan die hand te doen. Dit sal ook nuttig wees in die proses om die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan te hersien.

Die verslag, wat in 'n baie leesbare formaat is en maklik as verwysingsbron gebruik kan word, is steeds te sien op die munisipale webtuiste [www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za) en harde kopieë is by administratiewe kantore en openbare biblioteke beskikbaar.

## JONG WENNER OP VERHOOG



Die vyf-en-twintigjarige Tjeggiese hoorsling LUKAS VONDRACEK, wenner van die 42de UNISA Internasionale Klavierkompetisie wat tans op toer is in Suid-Afrika, sal op Sondag 24 Maart om 15:30 in die Auditorium van die Overstrand-burgersentrum in Hermanus 'n uitvoering van verskeie werke aanbied. Moenie die geleentheid misloop nie om te luister na 'n jong meester wat reeds op die ouderdom van vier sy eerste konsert gegee het. Die werke wat hy sal speel sluit onder meer in Opus 118 van Brahms; Klaviersonate Nr 4 Opus 30 van Scriabin; Variasies op 'n Tema van Corelli; Opus 42 van Rachmaninoff; 2 Nokturnes van Chopin en Drie Tjeggiese Danse van Martinů.

Bespreek deur BELLINI te kontak by 028 312 4988. Kaartjies kos R100 (R50 vir studente). Navrae kan gerig word aan die sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238.

